Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 25 Oktober 2015

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel
Lees: Joh. 5: 1 – 23
Fokus: Joh. 5: 6 – 9, 19
Ons doen die natuurlike en God doen die bonatuurlike.

Omgee:

- Dit gaan heelwat beter met pastor Gordon en hy het alreeds 'n gedenkdiens gelei van 'n vriend wat oorlede is.
- Hettie Beyleveldt sterk tuis aan na 'n nek operasie. Hulle dogter Juanita is met 'n gewas op die brein gediagnoseer en word DV Dinsdag geöpereer.
- Cathy Seefort Kotze se suster Rhoda is in die week oorlede agv 'n breingewas.
- Beide Sarie Schoeman en Corrie Erasmus se broers is ernstig siek met kanker.

Offergawes:◊

Kollektes tydens die diens:

Diakonie sakkie ‘D’ gemerk: Vir die versorging van behoeftiges.
Ongemerkte sakkie:Vir instandhouding van die erediens.

Afkondigings: ☼

- **Sondagaand (1 November)** van 17:30 tot 19:00 **toerusting geleentheid** aangaande genesing wat Willie Volschenk fasiliteer in ons kerkgebou. Dit was beplan vir vanaand, maar ons skuif dit na volgende Sondagaand.
- **Geen katkisasie** vanmiddag (25 Okt) in die kuierkamer nie. Ons gaan direk na die **JAM afsluiting** wat om 17:30 begin.
- **Kursusse** vir die res van die kwartaal: 16-18 Okt Victory in Jesus Christ Bergbron; 23-25 Okt Oorwinnaars Bergbron; 7 Nov Heilige Gees Seminaar Bergbron..
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** skink Groep 3, Kinnie, Sue, Martie, Annamie. **Volgende Sondag** skink Groep 4, Diakens.
- Indien jy ‘n **Almanak 2016** wil bestel, betaal asb. **vandag (25 Okt)** R 70 per eksemplaar in by Ankie. Jy kry weer ‘n hele jaar se Dagstukkies as bonus saam met die inligting oor al die kerke in ons verband.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Foto’s van lidmate

Stuur asseblief ‘n kop-en-skouers foto of ‘n gesigfoto van jouself per whatsapp of per e-pos – met jou naam en van – na Ankie. E-pos nakantoor@bergbron.org.za. of whatsapp by 072 651 8286.

Jy kan help...asseblief

- Die projek om die bye op ‘n verantwoordelike manier te verwyder is gekompliseerd, veral omdat die neste hoog en moeilik bereikbaar is. Baie dankie vir donasies van twee lidmate tot dusver van net oor R 1 000. Koste gaan meer wees – kontak Ankie of Pierre as jy kan bydra.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy ‘n attestasie of bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Lekker verjaar ...!🕯

Verjaardae in die week:
25/10 ISABEL ERASMUS 083 284 2120
27/10 LOUKIE RENSBURG 079 488 1278

31/10 MAGDA VAN BERGEN 072 707 9654 011 673 3813

Mag die Here jou oorvloedig seën

Die Lewende Woord Vir Jou Vandag 📖

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: Joh 5: 1-23.
Fokus: Joh 5: 6-9, 19.
Ons doen die natuurlike en God die Vader doen die bonatuurlike deur die Heilige Gees.

- Ons het baie keer verskonings soos die verlamde man wat in die pad staan van Goddelike genesings en wonderwerke.
- Nog ‘n hindernis wat in die pad kan staan van Goddelike genesings en wonderwerke, is die bad van Betesda – ons eie menslike plannetjies.
- Moenie Jesus verwar met ‘n helper om jou in jou bad van Betesda te sit nie soos die verlamde man nie. Jesus volg nie ons planne nie, maar ons moet die Vader se plan volg (vers 19).
- 1 Kor 12 vers 1: “Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees.”

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Verduidelik hoe verskonings in die pad kan staan van Goddelike genesings en wonderwerke.
- Verduidelik hoe die bad van Betesda die verlamde man verblind het vir God se plan en genesing. Watter bad van Betesda hou jy aan vas?
- Wat is Jesus se sleutel vir wonderwerke? (vgl vers 19) Hoe funksioneer hierdie sleutel in ons lewens?

Potjiekosdag – 31 Oktober 🍽

Lees asseblief meegaande inligtingblad.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za
Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Pierre Douglas 083 307 8865; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

As God Bid (2)

Inleiding:

Ons het laasweek ons eerste gedeelte - Jesus se gebed soos in Johannes 17 hanteer.
"Ontdek die patroon van Goddelike gebed", is geplaas in die rakkies agter in die kerk. In die volgende weke wil ons dieper delf en 'n nadere beskouing verkry as God die Seun, Jesus Christus, bid. Ons hanteer dit in kort gedeeltes weekliks.

Wanneer God bid

Hoekom begin ons met Jesus se gebed in Johannes 17 i.p.v. die meer tradisionele te vinde in Matt. 6 en Lukas 11? My mening is ons het so gewoond geraak het aan die Onse Vader gebede dat ons sommer oor dit lees en die waarhede miskyk.

Johannes 17 dui vir ons aan wat die swaarste op Jesus se hart geleef het in daardie oomblikke toe Hy tot die Vader genader het met 'n innige passie, net voor sy pad na Golgota.
Wat sê 'n passievolle God vir God? Ons kan net meer leer hoe Hy met God kommunikeer.
Die eerste gebed vir geestelike groei natuurlik is 'n **versoek vir insig**. Saam met die Apostel Paulus wil ons bid dat ons harte verlig mag word, dat ons sal insien watter wonderlike vooruitsig Sy roeping inhou... Efesiërs 1: 18-19
Kom ons begin saam op 'n reis van kommunikasie met Vader.

Goed kom ons bid saam:

'n Persoonlike gebed. (Vul u eie behoeftes in waar van toepassing).
Vader in hemel,
Ek gee te kenne en vertel vir ander dat ek U ken, maar besef dat my kennis van U in werklikheid baie beperk is. Ek maak tyd om net klein gedeeltes van U karakter te leer ken. Ek weet so min van wie U werklik is.

Saam met die apostel Paulus, vra ek nou , terwyl ek Jesus se gebed in Johannes 17 bestudeer in die dae wat kom, dat U my ‘n gees van wysheid en openbaring sal gee wat U beter sal leer ken. Verlig die oë van my hart, dat ek U mag sien as .....
Mag ek insien hoe enorm groot U krag is in ons wat glo.....
Wys asb. vir my die planne wat U vir my opsy gesit het in die area van .....
Dankie dat U toelaat dat ons U mag leer ken.